



VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2024

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

NASIENRIGLYNE

AFDELING A LETTERKUNDE**VRAAG 1**

NR	ANTWOORD	PUNT
1.1	Omdat Greg nie vir Xander en Ayla van die boek vertel het nie. / Greg het die boek geheim gehou.	1
1.2	“Miskien sal dit jou help om die Baker op te spoor.” (Enige soortgelyke antwoord)	1
1.3	Die Baker het belowe om by Rian Trollip se vrou te gaan kuier /besoekie af te lê / ‘n draai te maak. (om haar te vermoor).	1
1.4	Sy het die foon in sy oor neergesit. / Sy het sy nommer geblok.	1
1.5	Brodifacoum OF Cantharidine OF Cholecalciferol OF Sodium azide OF Paraoxon (Enige EEN van hierdie chemikalieë – gee die volle naam)	1
1.6	Hagia Sophia OF Ayasofya	1
1.7	Dit is ‘n plek wat ‘n mens dwing om na binne te kyk en jou self net soos jy is, te sien. OF Dit is die plek waar Xander veilig voel. OF Dit is die plek waar Xander die inspirasie vir die palindroom gekry het.	1
1.8	Novichok	1
1.9.1	Die Baker	1
1.9.2	Fontcode	1
1.10	Meterpeter	1
1.11	‘n Kerk / katedraal.	1
1.12	Hy het hulle in Afrikaans op die trappe by die hotel (in Florence) hoor praat.	1
1.13	B-Die stad wat in die water staan.	1
1.14	Daar was (swaar) klassieke musiek / klavier musiek.	1

VRAAG 2 GREG SE SKOOLLOOPBAAN

NR	ANTWOORD	PUNT
2.1	Die graad 8's word Trappers (1) genoem. Hulle kry 'n blinddoek OF flitslig OF hulle moet in 'n donker tunnel kruip (1) tydens die ritueel.	2
	Kwanele was die huidige hoofseun OF Die hoofseun wat by Greg oorgevat het (1)	2
	Kwanele het vir Greg die Lawson Kollege handdruk gegee. (1)	
	– Plank het agter die motor aangehardloop.	1
	– Plank het (agter die perdestalle) gaan (dagga)rook.	1
	– Om op/aan Maties/Stellenbosch te gaan studeer.	1
2.2	"Homeschooling" / Tuisonderrig (Enige gepaste Antwoord)	1
2.3	John se <i>Foto's</i> , <i>sy skoolbaadjie</i> , <i>getekende rugbybal</i> (enige TWEE) was uit die museum verwyder.	2
2.4.1	Brûe is vir party mense 'n struikelblok wat hulle wil vermy. Vir ander mense is dit 'n teken van hoop. OF Greg sien Eersterivier brug as 'n keerpunt in sy lewe – die oorgang na iets donkers.	1
2.4.2	Tom se lyk by Eersterivierbrug. / Rialtobrug waar hy met Ayla oor Xander gepraat. / Xander se belydenis aan Greg by Rialtobrug.	2
2.5	TJ Lawson / Thomas Lawson se kleinseun (1) het vir Greg verraaï. Greg het vir TJ in sy vertroue geneem en vir hom vertel van die kruberkrakery. Daarna het TJ vir die hoof en die polisie gaan vertel / verklap. (1)	2

VRAAG 3 DIALOOG

NR	ANTWOORD	PUNT
3.1	Ek het my pa verrai / Ek het my pa aan die wolwe gevoer. (1) Ek het my ma alleen gelos toe ek besluit het om te gaan studeer. (aan Maties / Stellenbosch / Stellies) (1)	2
3.2	Ek was vir Paasnaweek in Johannesburg / Ek het by my pa in die tronk gaan kuier / Ek was by my ma in Sandhurst.	1
3.3	Daar was 'n boodskap in bloed op my glasdeur geskryf. (1) Dit het gesê dat ek en my hacker buddy hom moet uitlos. (1)	2
3.4	Ek het 'n boodskap op Telegram ontvang (1) om om 7:30 by die Inligtingsentrum te wees. (1)	2
3.5	Iemand het my vanuit die selle op my naam geroep (1) en vir my gesê dat ek ophou oor die Baker moet praat. Die man het my gedreig en gesê dat ek nie moet dink my pa is veilig in die tronk nie. (1) (Enige gepaste antwoord)	2
3.6	Iemand het my ma in die winkelsentrum agtervolg.	1
3.7	(Ja) Die persoon het vir my foto's op Dropbox van my ma gestuur / gelaai.	1
3.8	Sy maak die vensters en deure toe en skree. (1) Sy voel dat almal vir wie sy lief is van haar af weggevat word. (1)	2
3.9	Sal oom asseblief iemand kry wat my pa in die tronk kan waarsku? (1) Kan my ma vir oom bel as sy moeilikheid het? (1)	2
		[15]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL**Tema: TRAUMAS EN DILEMMAS****Opdrag:**

Skryf nou 'n opstel van **250 tot 400 woorde** wat die traumas en dilemmas waarmee sekere karakters worstel.

- Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verlang word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

Inleiding**Paragraaf A: Trauma by Greg se huis.**

- Greg was hoofseun by Lawson Kollege. (1)
- Thomas Lawson (die oupa) het eendag met 'n ruiker vir Rina Owen / Greg se ma kom kuier. (1)
- Chris Owen was in Kgosi Mampuru II gevangenis. (Nie Pretoria Sentraal nie) (1)
- Greg het homself gesien as die ou wat sy pa vir die wolwe gevoer het / homself gesien as 'n verraaier. (1)
- John het selfmoord gepleeg. OF John het 'n oordosis gehad. (1)

**Paragraaf B: Sebastian Stadler**

- Sebastian Stadler se pa het hom (en Rian Trollip) baie geslaan. OF Sebastian Stadler se pa was baie streng en kil / koud. OF Sebastian Stadler se pa het Sebastian mishandel / misbruik. (1)
- In die verlede (apartheidsjare) is mense glo op die aakligste maniere doodgemaak. OF
Tydens Project Coast is mense met paraoxon vergiftig. OF
Project Coast was verantwoordelik vir wapen-en dwelmsmokkelary. OF
Project Coast was verantwoordelik vir motordiefstalsindikate. OF

Project Coast was verantwoordelik vir wrede eksperimente op diere. OF
 Project Coast was verantwoordelik vir subversiewe aktiwiteite OF
 Project Coast was verantwoordelik vir chemiese en biologiese oorlogvoering.
 (enige TWEE aktiwiteite) (2)

- Eugene de Kock (1)
- Tubing / Die gasmasker met traangas / Geweld onder die mense. (1)



Paragraaf C: Xander

- Die Baker / Sebastian Stadler het die video van Regter Gericke se teregstelling / moord aan Xander gestuur. (1)
- 'n (Rubber) binneband is oor Regter Gericke se kop getrek (1) en hy is versmoor. (1) (2)
- Xander het begin sweet. (1)
- Greg se visie het versleg.
 Greg het begin sweet.
 Greg het begin naar voel.
 Greg het begin om slym in sy mond te kry.
 Greg se spiere het begin kramp.
 (Enige EEN) (1)



Paragraaf D: Morele dilemmas

- Greg het gekies om saam met Xander en Ayla te gaan en het vir Plank agtergelos. (1)
- Greg besluit om nie huistoe te gaan nie (1), want hy wil die Baker vastrek/opspoor (1) (2)
- Ayla was op die Rialto-brug / Michelangelo brug (1)
- Xander wil Ayla gebruik om haar pa te ontmasker OF
 Xander wil deur Ayla, wraak neem vir sy pa se dood, want hy dink Ayla se pa is die Baker. OF
 Xander wou 'n social engineering aanval op Ayla loods. (1)



Slot

D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II AFDELING A

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

INHOUD (20)	<i>Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne van die betrokke vraestel.</i>
STRUKTUUR EN TAAL (5)	KRITERIA
5 punte	Struktuur: Oorspronklike/ kreatiewe inleiding en slot; Feite uitsonderlik uiteengesit. Taal: Puik
4 punte	Struktuur: Goeie inleiding en/ of slot; Feite sinvol uiteengesit. Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog.
3 punte	Struktuur: Geen inleiding en/ of slot nie; Feite verstaanbaar uiteengesit. Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed.
2 punte	Struktuur: Geen inleiding en/ of slot nie; Opstel hortend en vloei nie . Taal: Oormatige taalfoute.
1 punt	Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend . Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar.

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK**

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer en deurgaans geraadpleeg word.
2. As die kandidaat misgetas het of die opdrag verkeerd geïnterpreteer het, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

Voorbeeld: Artikel

Inhoud, beplanning en formaat G 6 (uit 12)

Taal, style n redigering G 4 (uit 18)

10 (uit 20)

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria en vlakke van die rubriek.

Skryf die punte soos volg neer: Inhoud: G 6

Taal: G 4

10

Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6: die punt moet deur 2 gedeel word om die total uit 10 te laat reflekteer en te laat tel, bv. $13 \div 2 = 6\frac{1}{2}$

10

5. Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

SIMBOOL	BESKRYWING	VERDUIDELIKING
//	Dubbelstrepie aan die begin van sin dui die begin van 'n nuwe paragraaf aan	Nuwe paragraaf
interresant	Strepie onder die woord	Spelfout
×	Kruisie oor woord	Foutiewe woord
()	Hakies	Foutiewe woordorde
^	Weglaatteken	Woord(e)/leesteken uitgelaat
T (in kantlyn)	Hoofletter T	Tyd verwarrend/foutief gebruik
?/ (in die kantlyn)	Groot vraagteken/kronkelstreep	Onduidelik/onverstaanbaar
enough	Kring om woord	Engelse woord
hh	Dubbele h	Herhaling
Skryf die hoofletter of komma in		Hoofletter/komma/punt

VRAAG 5 ARTIKEL**Situasie:**

Baie ouers kan nie hulle kinders se studies na matriek bekostig nie. Baie jongmense besluit dus om byvoorbeeld op seiljagte werk om geld te verdien en terselfdertyd deelyds te studeer, terwyl sommige besighede vir hul studies betaal.

Vereistes:

- Lengte: tussen 150-220 woorde (getal woorde moet aangedui word).
- **Opskrif, kort inleidings- en slotparagraaf.**

Inhoud:

- **werkopsies** bespreek wat vir jou 'n **inkomste** sal gee terwyl jy **opleiding** ontvang;
- die **voordele en nadele** daaraan verbonde bespreek;
- verduidelik watter **rol tegnologie** hierin kan speel.

VRAAG 6 E-POS

Jou beste vriend het getrek en jy wil opwindende nuwe nuus met haar/hom deel.

Inhoud:

- **wat** jou nuwe aanlyn besigheid is en **waarom** jy dit begin het;
- watter **sosiale media platform** jy daarvoor gebruik en **waarom**;
- **watter rol Kunsmatige Intelligensie gespeel het** in die sukses van jou besigheid;

Vereistes:

- Lengte: tussen 60 en 100 woorde (getal woorde moet aangedui word).
- Korrekte format moet gebruik word (insluitend e-pos adresse).

Aan: _____

Onderwerp: _____

=====

Liewe Tom (*vriend se naam*)

Groete

(*Jou naam*)

D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B**VRAAG 5: 20; VRAAG 6: 20 ÷ 2**

KRITERIA	UITSONDERLIK					KNAP			VOLDOENDE					ELEMENTÊR				ONVOLDOENDE						
INHOUD BEPLANNING STRUKTUUR	12	11½	11	10½	10	9½	9	8½	8	7½	7	6½	6	5½	5	4½	4	3½	3	2½	2	1½	1	½
	100%	96%	92%	88%	83%	79%	75%	71%	67%	63%	58%	54%	50%	46%	42%	38%	33%	29%	25%	21%	17%	13%	8%	4%
1. Respons en idees	1. Uitsonderlike hantering van tipe teks; opdrag volwasse uitgebrei met intelligente idees ; skryfstuk behou fokus.					1. Goeie hanteling van tipe teks; opdrag goed benader met goeie idees ; skryfstuk behou fokus.			1. Voldoende hantering van tipe teks; idees gewoon en soms nie gefokus nie.					1. Swak hantering van teks; opdrag onsuksesvol benader met elementêre idees ; kom nie by die punt uit nie.				1. Geen kennis van kenmerke van dié soort teks nie; inhoud maak weinig sin; mistasting .						
2. Organiserings van idees; vloei van leesstuk	2. Uitstekende samehang van idees en gemaklike vloei van teks .					2. Goeie samehang van idees en teks vloei .			2. Leesstuk minder vloeiend .					2. Leesstuk hortend .				2. Leesstuk baie onsamehangend .						
3. Struktuur – Inleiding, slot, parafering (12)	3. Struktuur gepas .					3. Struktuur gepas .			3. Struktuur oorwegend gepas met enkele foute .					3. Struktuur toon ernstige foute .				3. Struktuur onvanpas .						
TAAL, TOON EN STYL	8	7½	7	6½	6	5½	5	4½	4	3½	3	2½	2	1½	1	½								
	100%	94%	88%	81%	75%	69%	63%	56%	50%	44%	38%	31%	25%	19%	13%	6%								
1. Toon, register, styl.	1. Toon en register in die kol .					1. Toon en register effektief .			1. Toon en register gepas .					1. Toon en register nie altyd gepas nie .				1. Toon en register onvanpas .						
2. Grammatika	2. Grammatika feitlik foutvry , puik woordeskat ; lees vlot; puik kommunikasie ; geen tweede lees nodig nie .					2. Sinne oorwegend goed gekonstrueer; goeie woordeskat ; enkele ernstige foute; kommunikasie goed . Lees maklik .			2. Heelwat ernstige taalfoute maar belemmer nie betekenis nie ; leemtes in woordeskat; enkele Engelse woorde.					2. Taalfoute belemmer betekenis ; woordeskat swak; Engelse woorde en verkeerde woordkeuses.				2. Besaai met taalfoute ; betekenis verwarrend ; woordeskat swak of oorwegend Engels; onmoontlik om te lees en te korrigeer.						